

Geen keuse nie: dit is genade om die HERE te dien

Nie lank ná die eerste volksvergadering nie roep Josua in Sigem die tweede en laaste vergadering op. Vir oulaas gaan hy die volk toespreek, hulle voor 'n keuse stel (vs 15) en vermaan om die HERE se verbond te onderhou. Dit is belangrik om te sien dat voordat die volk voor die keuse gestel word, Josua kortliks benadruk wat die HERE vir hulle gedoen het: Hy het Abraham na die land Kanaän geroep; Isak en Jakob die land laat bewoon; Hy het hulle nageslag deur Moses uit Egipte uitgelei en deur die Rietsee laat trek. Hy het die heidennasies in Kanaän voor hulle verdryf en hulle die land laat beërf. Toe kom die keuse: Wil julle die afgode dien wat nog steeds in die land is, of die HERE?

Die volk kies om die HERE te dien. Eintlik was dit nie 'n keuse nie, maar 'n spontane antwoord op die HERE God se keuse vir hulle! Die inisiatief gaan van Hóm uit. Dit het alles begin met Abraham oorkant die Eufraat! Die hoogtepunt was die HERE se verbondsliefde (Hos 11:1). Sy liefde dring die volk om Hom te dien; daarom is dit genade om die HERE te kan en wil dien.

Geen ware gelowige maak in hierdie koninkrykstyl elke dag van voor af 'n keuse om die HERE te dien nie. Omdat Hy jou in Christus Jesus uitverkies het (Ef 1:4) en jou uit genade sy kind laat word het (1 Joh 3:1), is dit jou lewenstyl om Hom te dien. Dit is nie jou prestasie nie, maar die vrug van God se genade in jou. Die Heilige Gees het jou 'n nuwe mens gemaak wat sê: Ek dien die HERE uit dankbaarheid. Hy het my bevoorreg om Hom te dien.

Jy dien die HERE deur na sy Woord te luister, uit dankbaarheid te doen wat Hy deur sy Woord sê en jou te laat lei deur sy Heilige Gees – dit is alles net genade.

Sing: Psalm 100:1-4

Ds. RL Vorster (Emeritus)